Dag 16 – Jesus word begrawe

(Saterdag)

Dink na oor die storie wat julle gehoor het. Was daar enige iemand wat bly was dat Jesus gekruisig is? Nee, maar dink bietjie watter ander gevoelens die mense gehad het. 😰😖😭😤😕

Woord: Johannes 19:38-42 en Matteus 27:62-66

Josef was ook by die kruisiging. Hy was'n goeie en regverdige man in die mense se oë. Josef skraap al sy moed bymekaar en gaan vra Pilatus vir Jesus se liggaam om hom te gaan begrawe. Josef se eie graf was in 'n tuin daar naby en hy het Jesus daarheen geneem.

Josef en Nikodemus berei die liggaam voor om begrawe te word. Hulle gebruik 'n mengsel van duur mirre en aalwyn om die liggaan voor te berei en draai dit dan in fyn linnedoeke toe.

Hulle het 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol.

Die hoofpriesters en Fariseërs het Pilatus gaan waarsku dat die bedrieër gesê het dat Hy na drie dae opgewek sou word. Hulle was bang dat die dissipels Jesus sou steel. Die wagte het die graf verseël en voor die graf gebly om dit te bewaak.

Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Wie was die twee mans wat Jesus se liggaam voorberei het?
2. Wie se graf was dit?
3. Hoekom het daar wagte voor die graf gesit?

Gebed

Here dankie vir vriende en familie wat vir ons lief is, net soos Josef en Nikodemus vir U was en U vir U hele volk is.

Aktiwiteit 1

Maak ‘n graf of ‘n kruis uit klei. Hier is die resep:

- 2 koppies meel
- 1/2 koppie sout
- 3/4 koppie koue water

Aktiwiteit 2

Maak ‘n loodglas kruis. Hierdie is een van my gunstelinge. Ons het een in ons kombuis en die son skyn so mooi daardeur.

Jy benodig die volgende:

- Kontakpapier (waarmee jy boeke oortrek) vir agtergrond
- A4 papier vir die kruis. Vou dubbel dat jy 2 kruise kan uitknip.
- Gekleurde stukkies papier. Tissuepapier of gekleurde sellofaan werk die beste.

1. Plak die kontakpapier (met kleefkant na bo) met kleeflint aan die tafel was.



2. Pak die papiertjies op die kontakpapier



3. Sodra al die papiertjie geplak is, plak die 2de kruis bo-op sodat daar netjiese lyne is.

4. Knip nou die kruis uit. Jy moet omtrent so 1-2cm van die kruis se rante af sny sodat dit nog aan die ruit kan plak.

5. Plak jou pragtige kruis teen ‘n ruit waar die son lekker inskyn in die dag!